HOËVELD
BONSMARAKLUB
DIE BONSMARA BOER VIR JOU

Beethoven 12
Beethovenstraat 206
WATERKLOOF GLEN 0181
Sel / Cell: 082 772 7373
Tel: 012 – 993 4005
E-Pos /e-mail: admin@bonsmarahoeveldklub.co.za
Web: www.bonsmarahoeveldklub.co.za

03 Oktober 2023

Geagte teler

So kom ons tot die einde van nog ‘n maand. 3 kwartale is verby van die jaar. Ons het verseker deur moeilike tye gegaan. Gelukkig is Suid Afrikaanse boere veerkragtig. Ons kom oor die moeilikste van hekkies, en soms gaan dit beter as die verlede. Die laaste 2 maande het ons telers onder vernietigende veldbrande gebuk gegaan. Van die Noord-Wes tot die Oos Vrystaat en als tussen in. Ek wil nie name noem nie, want daar is te veel, STERKTE aan elke teler wat skade gely het.

Die klub boeredag was Vrydag gehou by Sernick. Die opkoms was bietjie telleurstellend, maar die wat daar was kan beaam dat dit verseker ‘n baie lekker dag was. Dr Joggie se praatjie was baie insiggewend en mens laat dink wat ons kan verander. Jaco Minnaar het ons positief gehou oor die toekoms en dat ons ingesteldheid positief moet wees om ‘n positiewe uitkoms te kry. Dankie vir julle twee manne se tyd, ons waardeer.

Congratulations to the breeders with their auctions (8) that was held in September. The quality of animals is excellent. Each breeder can be proud of the animals on sale. Well done.

October marks the month of the annual **Club Auction** on 06 October 2023. The screening of the auction bulls was done on 29 September 2023. I must congratulate each breeder with the exceptional quality of bulls that will be auctioned. This is probably the biggest gene pool of bulls on auction in SA. The uniformity of the bulls is top class. It’s a true reflection of the goal that we set when this format was agreed. Thank you to the whole Sernick team for taking such good care of the bulls. Let’s make the club auction on of those annual auctions not to be missed.

Ek doen ‘n beroep op elke klublid om die veiling te bemark. Bel ‘n vriend, ‘n buurman, ‘n familielid of mede-teler en nooi hulle na die veiling. Ek glo die bulle verdien hoë pryse, maar hulle gaan dit net kry as daar baie kopers is. Ek het al redelik baie navraag gekry, dis is daar nog lewe in die mark. Kom ons maak 2023 se Klubveiling ‘n reuse sukses. Ek glo daar is ook potensiële kuddevaars in die aanbieding, so indien jy ‘n stoetbul kort, kom ondersteun jou mede-teler.

Ons is tans besig met Maccauvlei gholfbaan om die Klub-gholfdag en jaar-eind funksie daar te hou. Ons kon nog nie ‘n datum vasmaak nie, maar sodra ons het, kommunikeer ons dit aan julle. Dit gaan verseker ‘n tradisie wees wat ons elke jaar kan op voortbou.

Aquilla non capit muscas – Arende van nie vlieë nie.

Lekker boer

Jacques Pienaar
Voorsitter